

24 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 26:1-18

Opstanding uit die dode

Vir die eerste maal staan Paulus voor 'n koning. Ons kry hier die laaste opgetekende verdedigingstoespraak van Paulus. Dit word hoofsaaklik 'n getuigenis van Jesus Christus as die Vervuller van Israel se hoop: opstanding uit die dood. Hierdie uur beteken 'n krisis tussen Rome en die Jodedom enersyds en die Jodendom en die missionêre kerk andersyds.

Paulus begin (verse 2 en 3) om die pyl van die Woord op die hart van Agrippa te rig. Sy spesifieke doel is om hierdie koning vir sy Koning te wen. Hy lê klem op Agrippa se vermoë om tussen die kaf en die koring van die Joodse twisvrae te onderskei. Die eerste deel van sy rede (verse 4-11) bestaan uit 'n beklemtoning van sy streng Joodse agtergrond en opvoeding, asook sy ywer vir die wet. Met hart en niere is en bly Paulus Jood – natuurlik, nou as volgeling van Jesus Christus, die vervulling van alle Joodse verwagtings. Hy verswyg egter die Naam van Jesus. Hy rig sy rede op die kern van die aanklag teen hom. Hy word beskuldig dat hy glo in God se belofte van die opwekking van dooies (verse 6-8). Deur daardie hoop het die Jode nou 'n streep gestrek. Is dit dan onmoontlik om te glo dat God dooies opwek? (Vergelyk vers 8.) Hy onthul die belaglikheid van die Jode se klag. Paulus onderstreep die waarheid dat dit net God se genade is wanneer jy die lig van die evangelie begin sien. So is hy van sy blindheid en vervolgingswaansin bevry (verse 9-11). Dit het gebeur deur 'n direkte ingrype van God. 'n Mens kom nie vanself tot hierdie insig nie. God moet jou oë daarvoor oopmaak (vgl vers 18). Dit bly nog altyd 'n wonder as 'n mens wat in sonde vasgevang is, met nuwe oë na homself en die lewe kan begin kyk. Dis waaroor sending gaan, naamlik om die evangelie te verkondig met die vaste vertroue dat God steeds hierdie wonder laat gebeur. Dit is 'n wins vir God se koninkryk en vir sy diens en 'n wins vir die mense self. En óns wins is dat ons tot so 'n heerlike doel iets mag bydra en deur God daarvoor versterk word!

Sing: Psalm 25:5

Prof F Denkema (Potchefstroom)